

9 Augustus

Genesis 45:1-16; 50:15-26

God se wonderlike plan in en deur die lewens van sy kinders (1)

Aantal jare gelede het 'n Joodse rabbi 'n boek gepubliseer met die titel: *Waarom gebeur daar slegte dinge met goeie mense?* Die boek het 'n blitsverkoper geword en in New York byvoorbeeld was dit maande lank bo-aan die lys as een van die boeke van die jaar wat die vinnigste verkoop.

Al was die rabbi nie 'n Christen nie, het hy 'n onderwerp aangesny waarmee mense eeue lank worstel:

Waarom laat God toe dat sulke verkeerde en sondige dinge sy kinders tref?

'n Mens sou die vraag ook só kon vra: Hoe moet God se kinders dit hanteer wanneer die uitwerking van sy voorsienigheid in hulle lewens skynbaar ander beloftes van God in die Skrif weerspreek?

Uit die ontknoping van die lewensverhaal van Josef gee die Here vir ons visie. Hy het God se bemoeienis proefondervindelik ervaar en nou gee hy Goddelike perspektief. In sy lewe het hy die grootste kontraste belewe: Die liefingseun het slaaf geword, toe huisbestuurder, toe tronkvoël en toe onderkoning van 'n magtige ryk.

Aan die einde sê hy: "Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen" (Gen. 50:20a) en: "God het my voor julle uit gestuur om lewens te red" (Gen. 45:5).

Sy lewe is eintlik 'n praktiese voorbeeld van die waarheid van Romeine 8:28: Vir diegene wat God liefhet, werk alles ten goede mee.

Al kom daar tye in my en jou lewe wat ons nie die sin van dinge wat gebeur verstaan nie, dalk onskuldig gesmaad en verguis word, kan en moet ons glo: God het sy liefde in en deur Jesus Christus reeds aan ons bewys. Met dieselde liefde werk Hy in en deur ons lewens om sy voorsienigheid en sy magtige planne vir die koms van sy koninkryk deur te voer op maniere ver bo wat ons bid of dink.

Dr. P.J. Buys (Mukhyano Teologiese Kollege)